

RENTEKOERSE GESNY, REKORDS GEBREEK, EN GOUD GEVIND

September, tradisioneel die swakste maand vir aandelemarkte, het hierdie jaar verwagtinge trotseer toe plaaslike en globale indekse sterker gestyg het. Die MSCI Wêreldindeks het met 3.3% in USD vir die maand toegeneem en is nou byna 18% hoër vir 2025, gedryf deur veerkragtige ekonomiese data, optimisme rondom kunsmatige intelligensie, en die Verenigde State se Federale Reserweraad se eerste rentekoersverlaging sedert Desember. Terwyl politieke geraas — van president Donald Trump se nuwe tariefaankondigings tot 'n Amerikaanse regerings-uitsluiting — die nuus oorheers het, het beleggers grotendeels deur die onsekerheid gekyk..

VERENIGDE STATE – BELEIDVERSKUIWING EN VOLGEHOUE GROEI

Prestasie uit die Amerikaanse aandelemark het sterk gebly, met al die belangrikste indekse wat stewige opbrengste gelewer het. Die S&P 500 het met 3.5% in September gestyg en naby rekordhoogtes afgesluit, terwyl die Dow Jones en Nasdaq onderskeidelik met 1.9% en 5.6% toegeneem het. Die Nasdaq het die afgelope ses opeenvolgende maande positiewe prestasie gelewer, aangedryf deur hernude entoesiasme vir groot tegnologiemaatskappye en die sogenaamde “Magnificent Seven.” Tesla het byna 50% in die derde kwartaal gestyg namate vraag toegeneem het vóór veranderinge aan die EV-belastingkrediet, terwyl Apple, Nvidia en Alphabet ook sterk vertonings gehad het.

Die breër Amerikaanse ekonomie het merkwaardige mag getoon. Tweede-kwartaal BBP is opwaarts hersien na 3.8% jaarlikse groei, die vinnigste tempo sedert 2023, ondersteun deur volgehoue verbruikersbesteding.

Ten spyte van die verbruikersprysindeks wat in Augustus tot 2.9% jaar-op-jaar versnel het, het die Fed rentekoerse met 25 basispunte gesny en die teikenreeks tot 4.00–4.25% verlaag — die laagste vlak sedert laat 2022. Voorsitter Jerome Powell het wel opgemerk dat werkskepping verstadig het en dat “afwaartse risiko’s vir werkloosheid toegeneem het,” maar gewaarsku dat inflasiedruk steeds bestaan. Markdeelnemers het die stap geïnterpreteer as die begin van ’n geleidelike verslappingsiklus, wat tesame met sagter inflasieverwagtinge gehelp het om VSA-effekte-koerse en die dollar laer te druk.

Die positiewe momentum het voortgeduur ondanks hernude politieke onrus. Die Kongres se versuim om ’n tydelike begrotingswet deur te voer het ’n gedeeltelike regerings-uitsluiting aan die begin van Oktober veroorsaak. Alhoewel hierdie sluitings ’n gereelde kenmerk van Amerikaanse politiek geword het (die laaste een in 2018 het 35 dae geduur), is hul ekonomiese impak oor die algemeen gering. Tog kan dit korttermyn-volatiliteit veroorsaak ná lang periodes van winste.

HOOGETEPUNTE

Markte Oorkom September- seisoenswakheid

- Globale aandele het sterk gestyg – MSCI Wêreld +3.3%, S&P 500 +3.5%.
- Gedryf deur AI-optimisme en 'n Fed-renteverlaging.

Fed Verlaag Koers Soos Inflasie Daal

- Die Fed het die rentekoers verlaag na 4.00–4.25%
- VSA BBP-opwaartse hersiening tot 3.8%, en versagting in inflasie.

Goud en Platinum Styg Skerp

- Goud het met 11% gestyg en platinum met 16% in September, aangespoor deur vraag na veilige bates.

JSE Lewer Beste Kwartaal in 5 Jaar

- Die JSE het met 6.6% gestyg in September; 32% hoër vir die jaar.
- Gelei deur hulpbron- en tegnologie-aandele.

SA Ekonomie Toon Vooruitgang

- SA BBP groei met 0.8% kwartaal-op-kwartaal,
- Inflasie daal tot 3.3%.
- SARB hou koers op 7%,
- Rand versterk met 2.2%



KOMMODITEITE BLY SKITTER

Kommoditeitsmarkte is oorheers deur die uitsonderlike prestasie van edelmetale. Goud het in September met byna 11% gestyg en is nou 46% hoër vir die jaar in USD – 'n nuwe rekord. Sentralebank-aankope, 'n swakker dollar, en beleggers se soeke na veilige beleggingsplekke te midde van wêreldwye onsekerheid het die geel metaal na sy beste jaar sedert 1979 gestoot. Platinumpryse het met 16% in September gespring, en staan nou 77% hoër jaar-tot-datum, terwyl palladium en rhodium ook gestyg het.

Oliepryse, aan die ander kant, het teen maand-einde effens afgekoel nádat dit kortstondig meer as US\$70 per vat bereik het, te midde van berigte dat OPEC+ moontlik nog 'n produksieverhoging kon goedkeur.

SUID-AFRIKA – EDELMETALE DRYF DIE JSE

Terug op eie bodem het Suid-Afrikaanse aandele hul sterkste maand en kwartaal in meer as vyf jaar beleef. Die FTSE/JSE Algehele Aandele indeks het met 6.6% in September gestyg, en 32% sedert die begin van die jaar. Die prestasie is feitlik geheel en al deur die edelmetalsektor gedryf, met goud- en platinummynaatskappye wat rekord-kommoditeitspryse gehad het.

Buiten hulpbronne het Naspers en Prosus steeds sterk ondersteuning aan die mark gebied, danksy stewige winste in die Chinese tegnologiëus Tencent, wat in September met 11% gestyg het. Plaaslik-georiënteerde sektore, soos finansies en eiendom, het agtergebly aangesien binnelandse ekonomiese groei gedemp gebly het.

SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE – GELYKMATIGE VOORUITGANG, SAGTER INFLASIE

Suid-Afrika se ekonomiese data het 'n versigtige maar positiewe prentjie geskets. Tweede-kwartaal BBP het met 0.8% kwartaal-op-kwartaal gegroei — beter as verwag en die sterkste groei in twee jaar. Inflasie het in Augustus afgekoel na 3.3%, ondersteun deur laer voedsel- en brandstofkoste, terwyl kerninflasie effens tot 3.1% gestyg het.

Teen hierdie agtergrond het die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) besluit om die repo-koers onveranderd op 7% te hou tydens sy September-vergadering, ná 'n verlaging van 25 basispunte vroeër die jaar. Twee van die ses MPC-lede het vir nóg 'n verlaging gestem, terwyl die meerderheid verkies het om rentekoerse stabiel te hou namate die SARB voorberei op 'n stywer 3%-inflasietekien. Beleidmakers verwag dat inflasie gemiddeld 3.4% in 2025 sal wees, en geleidelik na 3% teen 2027 sal daal.

Die rand het in September met 2.2% versterk tot ongeveer R17.20 teenoor die Amerikaanse dollar, ondersteun deur stygende komoditeitspryse en 'n swakker dollar. Staatseffekte het ook versterk, met die 10-jaar opbrengs wat tot 9.2% gedaal het — die laagste vlak in meer as vier jaar, en die kleinste premie bo Amerikaanse Tesourie sedert 2013.

Aan die handelsfront het voortgesette gesprekke met die VSA oor tariefverlengings en moontlike wysigings aan die African Growth and Opportunity Act (AGOA) vir 'n mate van verligting vir plaaslike uitvoerders gesorg, selfs terwyl wêreldwye handelsspanning hoog bly.

VOORUITSIG

Wêreldmarkte betree die laaste kwartaal van 2025 met hernude optimisme, maar ook geen tekort aan risiko's nie. Beleggers balanseer die voordele van slapper monetêre beleid en steeds robuuste groei teen 'n agtergrond van politieke onsekerheid, handelsgesprekke, en hoë batewaardasies.

Vir Suid-Afrika bly die omgewing ondersteunend. Sagter inflasie, volgehoue komoditeitspryse, en die vooruitsig van laer wêreldwye rentekoerse dui op aanhoudende steun vir plaaslike bates. Tog beklemtoon die swaar konsentrasie van prestasie in slegs 'n handjievol kommoditeit- en tegnologie-verwante aandele die belangrikheid van diversifikasie terwyl wêreldmarkte deur die volgende fase van die siklus beweeg.

Die inligting en menings in hierdie dokument word in goeder trou opgeteken en is gebaseer op bronne wat as geloofwaardig geag word. Daar word geen verklaring, verbintenis of waarborg van watter aard ook al gegee oor die akkuraatheid en/of volledigheid van sodanige inligting of die korrektheid van sodanige opinies nie. Portfolio Analytics ("Analytics") kan hoegenaamd nie op enige van die voorstelle, vooruitskattings of stellings in hierdie Nuusbrief op enige wyse hoegenaamd aanspreeklik gehou word nie en hoe dit ook al ontstaan het ten opsigte van enige eis, skade, verlies of uitgawes wat direk of indirek gely word deur 'n belegger wat handel op die inligting in hierdie dokument vervat nie. Die inligting in hierdie dokument is slegs vir feitelike inligting en bemarkingsdoeleindes en is geen vorm van advies, leiding of aanbeveling nie. Verder, as gevolg van die feit dat Analytics nie as 'n finansiële adviseur optree nie, het Analytics nie 'n finansiële behoefte-ontleding gedoen nie en vertrou op die behoefte-analise wat die belegger se finansiële adviseur uitgevoer het. Analytics beveel aan dat die Belegger veral sorg dat die inligting in hierdie dokument gepas is, gegewe sy doelwitte, finansiële situasie en spesifieke behoeftes, aangesien daar beperkinge kan wees op die toepaslikheid van die advies. Geen waarborg vir beleggingsprestasie of kapitaalbeskerming moet uit die inligting in hierdie dokument afgelei word nie. Portfolio Analytics (Pty) Ltd, FSP is 'n gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer. FSP No. 631. Telefoon: (011) 463-9600 Faks: (011) 463-8279. Webwerf: www.analytics.co.za WGA Wealth Group (PTY) Ltd is 'n gemagtigde Finansiële Diensverskaffer. FSP No.49917 Tel: 0823771748 Web: www.wgawealth.co.za

